# Stap-vir-stap-gids vir graduandi:

# Die pad tot by jou gradeplegtigheid

## 1 Voldoening aan gradueringsvereistes:

- Maak asseblief by jou **Fakulteitsadministrateur** seker dat jy voldoen aan die vereistes om te gradueer.

## 2 Bevestig jou persoonlike besonderhede:

- Maak seker dat jou persoonlike besonderhede (volle name, selnommer en woonadres) op jou profiel op studenteportaal korrek is.
- As iets moet verander, stuur asseblief **voor 12:00 op Vrydag 6 Maart 2026** 'n epos-versoek dat jou inligting bygewerk moet word na info@sun.ac.za. Verskaf asseblief ook jou ID-nommer.

## 3 Bywoning :

Dui voor **Vrydag, 6 Maart 2026** aan of jy jou plegtigheid sal bywoon deur een van die opsies hier onder te kies:

**As jy dit gaan bywoon:**

- Teken op die **studenteportaal** aan, navigeer na **Academics > Graduation ceremony >** en kies **YES** as jy die plegtigheid sal bywoon.
- LW: Ons maak by verstek vir alle graduandi gereed, ongeag of jy aandui dat jy nié daar sal wees nie.

**As jy in absentia sal gradueer (nie die plegtigheid kan bywoon nie):**

- Teken op die **studenteportaal** aan, navigeer na **Academics > Graduation ceremony >** en dui dan aan of jy aflewering per koerier verkies of jou gradueringsdokumente self wil kom afhaal.

Jy het ongelukkig nie die opsie om die toekenning van jou graad tot 'n latere geleentheid uit te stel nie. Die Maart-gradeplegtighede (2026) vorm deel van die 2025 Desember-gradereeks en kohort afgestudeerdes. Daar word van die US verwag om in ooreenstemming met die regulasies en vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding verslag te doen. Graduandi wat nie hul gradeplegtighede in Maart 2026 kan bywoon nie, gradueer in absentia.

## 4 Spesiale reëlings:

- Rig **versoeke vir spesiale reëlings** voor **12:00 op Vrydag, 13 Maart 2026**.

## 5 Vereffen uitstaande gelde:

**Vereffen asseblief uitstaande studentegelde voor 12:00 op Vrydag, 13 Maart 2026. Klik hier** vir meer inligting.

## 6 Amptelike uitnodiging

- 'n Amptelike uitnodiging na die Maart-gradeplegtighede sal vanaf **Woensdag, 18 Maart 2026** na studente wat kwalifiseer se US-eposadres gestuur word.

## 7 Bestel jou akademiese drag:

- Klik **hier** vir die huurkoste en bestelvorm.
- Klik **hier** om die gids vir akademiese drag oop te maak.

## 8 Kaartjies vir gaste en graduandi:

- Ons stuur vanaf **19 Maart 2026** die kaartjies vir jou en jou gaste na jou amptelike @sun.ac.za-adres. Jy kan verwag om jou kaartjies minstens een tot twee dae voor die plegtigheid te ontvang.
- As die e-pos nie opdaag nie, kan jy nog op die dag van die plegtigheid julle kaartjies by die inligtingskiosk by die Coetzenburg Sentrum afhaal.
- Klik **hier** vir meer inligting.

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

